

# **Korrupsie in die Suid-Afrikaanse staatsdiens: Is die Teenkorrupsietaakspan se multidissiplinêre benadering in die ondersoek na beweerde korrupsie onder staatsamptenare doeltreffend?**

**Christo Smit en Johan van Graan**

---

Christo Smit, Suid-Afrikaanse Polisie, Direkoraat vir Prioriteit Misdaad Onderzoek  
Johan van Graan, Kollege vir Regsgeleerdheid, Universiteit van Suid-Afrika

---

## ***Opsomming***

Lede van die publiek is bekommerd oor wydverspreide korrupsie wat na bewering deur amptenare van die staatsdiens gepleeg word, aangesien dit lyk asof die land in 'n staat van rowery verander het. Hierdie artikel, gebaseer op 'n empiriese studie wat in Gauteng, Suid-Afrika onderneem is, beoog om die doeltreffendheid te bepaal van die multidissiplinêre benadering tot die ondersoek na korrupsie in die staatsdiens wat deur die Teenkorrupsietaakspan van die Direkoraat vir Prioriteitmisdaadondersoek gevolg word. Diepgaande individuele onderhoude is met 'n steekproef (n=17) van deelnemers van die taakspan gevoer. Volgens taakspanlede maak die volgende faktore die multidissiplinêre benadering ondoeltreffend: die uitwissing van die span se outonomie, oormatige politieke inmenging, onervare bestuurders, gebrek aan samewerking en koördinasie tussen entiteite wat die span verteenwoordig, onvoldoende menslike en fisiese hulpbronne, asook substandaard vlakke van ondersoekvaardighede. Die span se vermoë om korrupsie in die staatsdiens doeltreffend en effektief te ondersoek, word gevolglik betekenisvol bemoelik. Dit word aanbeveel dat 'n enkele teenkorrupsieagentskap in Suid-Afrika gestig word wat organisatories, finansiële, funksioneel en polities onafhanklik is, aangesien die land voortdurend internasionaal laag op die ranglys geplaas word wat betref die toonaangewende wêreldwye aanduiders van korrupsie in die staatsdiens.

**Trefwoorde:** Direkoraat vir Prioriteitmisdaadondersoek; korrupsie; multidissiplinêre benadering; staatsdiens; Teenkorrupsietaakspan

## *Abstract*

### **Corruption in the South African public service: Is the Anti-Corruption Task Team's multidisciplinary approach to investigating corruption allegedly committed by South African public service officials effective?**

Widespread corruption allegedly committed by South African public service officials is a concern among members of the public, since it appears the country has transformed into a predatory state. Corruption among South African public service officials has encroached upon every aspect of society, government and business (Chêne 2014; Msimang 2015; Nicolaides 2018; Mantshantsha 2018). To some extent, the legal anti-corruption framework has also been ineffectual in efforts to combat corruption, and in some cases the public sees even the criminal justice system as being corrupt. Chêne (2012:7, citing Boucher et al. 2007) cautions that “a corrupt justice sector promotes discretionary enforcement of the law and has a corrosive impact on state legitimacy”, and therefore combating corruption within the public sector “may involve strengthening the legal anti-corruption framework and building an effective criminal justice system, including an independent judiciary and effective law institutions”. The Independent Commission against Corruption (2019) warns that when corrupt activities are hidden and unrestricted in the public service, this may be the basis for serious destruction through undermining the community's trust in government, diminishing public resources and capital, triggering injustice through advantaging some at the expense of others, rendering operations ineffective, and causing reputational damage, which makes it difficult to recruit and retain quality employees and to obtain value for money in tender procedures.

Olaniyan (2014) states that corrupt activities in the public sector greatly affect the most vulnerable individuals. A country's corrupt activities deter investment, hamper budgetary development and undermine the rule of law. However, expediting the efficient investigation of corruption sends a clear message to public servants that corruption will not be tolerated, although the effect diminishes when the investigation is unduly prolonged. Chêne (2012:7, citing Bolongoita 2005) suggests that the focus should be on making corruption a “high risk low reward activity through measures aimed at increasing the risks of effective detection, investigation and prosecution”. Chêne (2012:8) adds: “The criminalisation of corruption can be an effective approach for countries where enforcement is a feasible and realistic option. When this is not the case, such an approach can be counter-productive and result in inflating the returns of criminal acts, which could create financial incentives for corruption.”

Transparency International's Corruption Perception Index (CPI) ranks countries by their perceived levels of public sector corruption and reflects the perspectives of observers from around the globe, including specialists and business people living and working in the nations and territories evaluated. The CPI scores nations and territories on a scale from zero (exceptionally corrupt) to 100 (clean, no corruption). As illustrated by Transparency International (2017; 2019), utilising the CPI, South Africa scored a total of 43 on the scale in 2012, 42 in 2013, 44 in 2014, 44 in 2015, 45 in 2016, 43 in 2017, and 44 in 2019. These scores indicate that multifaceted corrupt activities are omnipresent in the South African public service. A poor score is a likely indication of far-reaching corrupt activities, the absence of consequential discipline for corrupt activities, and public institutions that do not react to the population's needs.

This article, which is based on a qualitative empirical study conducted in Gauteng, South Africa, aims to assess the effectiveness of the multidisciplinary approach to investigating corruption

---

in the public service followed by the Anti-Corruption Task Team of the Directorate for Priority Crime Investigation. In-depth individual interviews were conducted with a sample (n=17) of the Anti-Corruption Task Team (ACTT) participants. This article is based on empirical research for a DPhil degree (Smit 2019). A single instrumental case study design was followed in this study. The ACTT acted as the single instrumental case. The following participants of the ACTT were selected as the sample (n=17) for this study, since they had the necessary knowledge and experience to provide information-rich data:

- eight DPCI investigators attached to the ACTT who were investigating corruption in the public service
- two advocates who provided the ACTT with legal guidance at the commencement of investigations as well as legal opinions on legislation
- three forensic investigators who provided the ACTT with assistance during witness consultation, drafting of affidavits, and the identifying of witnesses and evidence
- two external forensic chartered accountants who analysed specific banking records of suspects and/or their respective companies to assist the ACTT in identifying possible money laundering, corruption and racketeering through these records
- two external cyber forensic experts who assisted the ACTT in utilising electronic data to confirm the authenticity of electronic documents and the verification of hash values.

Given the sensitive nature of corruption within government, various government departments did not respond to requests to participate in this study and were consequently excluded. A number of ACTT investigators chose not to participate in the study. Individual in-depth interviews were conducted with the purposively selected sample and were electronically recorded. Data collected from the in-depth interviews was transcribed and thereafter analysed. Transcripts were additionally analysed and verified by an experienced, independent co-coder. Permission to conduct this study was obtained from the SAPS Directorate for Priority Crime Investigation (DPCI) and from each selected external service provider/consultant. Ethical approval to conduct this study was granted by the University of South Africa's research ethics committee.

The findings of this study suggest that the multidisciplinary approach followed by the ACTT to investigate corruption in the South African public service has not been executed effectively. Various inhibiting internal and external factors experienced by ACTT team members, such as the elimination of the team's independence, unjustified political interference, inexperienced managers, lack of cooperation and coordination among departments represented in the team, inadequate human and physical resources, and inferior investigative capability levels, undermine the multidisciplinary approach and render it ineffective.

Based on these findings, we recommend the following:

The mandate, aims, objectives, structure, independence and selection criteria for the ACTT's allocated corruption investigations should be aligned with the allocation of resources, logistical support and budget. The streamlining of the ACTT to improve its effectiveness and the speeding up of prosecutions are of the utmost importance. Most role players at the ACTT have a purely investigative mandate. Thus it is important to ensure the effective coordination of gathered information as well as the sharing of intelligence between team members. Coordinated decisions about which role player is to commence with a specific aspect of the investigation

should be made in advance. Effectively turning the tide against corruption involves an approach on various levels, using specific knowledge and skills from diverse fields. Adequate resources should be allocated to the ACTT to enable them to effectively investigate allegations of corrupt practices. Only personnel with the necessary skills, experience, knowledge and aptitude to investigate multifaceted corruption in the public sector should be appointed to the ACTT. The team should draw extensively from multiple disciplines to rethink anti-corruption responses beyond ordinary limits and to achieve solutions in a different way. This would involve giving investigators instant access to various databases and intelligence sources during their investigation process.

Anti-corruption structures need to be made more effective at both the investigative and the prosecution level. Accordingly, the ACTT's independence should be reviewed and secured as a matter of urgency. Team members should be subjected to frequent integrity testing. This process should be transparent and implemented uniformly among members. Those who do not obtain the relevant security clearance through integrity testing should be removed. The ACTT should have an effective retention policy in place to ensure that expertise is not lost and the task team's skills level is not depleted to the point where they are no longer able to operate effectively. Successful anti-corruption agencies (ACAs) need to have rapid access to information held by a wide variety of national authorities, for example customs, tax departments, police and courts, and therefore effective coordination mechanisms need to be in place. The compartmentalisation of departments functioning in silos is detrimental to the combating of public service corruption. Corruption requires specialised responses for a successful investigation process. Accordingly, it is recommended that a specialised anti-corruption court be established. The success of any ACA depends mainly on political will to address corruption and on independence in doing so, and it is thus imperative to have political backing for the efficacy of an ACA. In the oversight of an ACA it is also essential that relevant NGOs, opposition parties and government be granted an equal role to ensure that cases are dealt with on merit and are not subject to political agendas.

This study therefore recommends the establishment of a single anti-corruption agency that is independent organisationally, financially, functionally and politically, since the country continually ranks poorly internationally in terms of the leading global indicators of public sector corruption.

**Keywords:** Anti-Corruption Task Team (ACTT); corruption; Directorate for Priority Crime Investigation; multidisciplinary approach; public service

## 1. Inleiding

Korrupsie onder Suid-Afrikaanse staatsamptenare het in elke aspek van die samelewing, regering en besigheid ingedring (Chêne 2014; Msimang 2015; Nicolaides 2018; Mantshantsha 2018). Tot 'n sekere mate was die geregtelike teenkorrupsieraamwerk ook vrugtelos in pogings om korrupsie te beveg en in sommige gevalle beskou die publiek selfs die kriminele regstelsel as korrup. Hierdie beweringe berus nie slegs op openbare mening nie, maar is gegrond op feite wat later in die artikel verskaf word. Boucher, Durch, Midyette, Rose en Terry (2007) waarsku dat 'n korrupte regstelsel diskresionêre toepassing van die reg bevorder en 'n korroderende uitwerking op staatsregmatigheid het. Derhalwe kan die stryd teen korrupsie in

die openbare sektor die versterking van die geregtelike teenkorrupsieraamwerk en die bou van 'n doeltreffende kriminele regstelsel behels, insluitend 'n onafhanklike regbank en doeltreffende regsinstellings. Die onafhanklike kommissie teen korrupsie (Independent Commission against Corruption 2019) waarsku dat indien korrupte bedrywighede in die staatsdiens weggesteek word en nie beperk word nie, dit die basis kan word vir die ernstige vernietiging van openbare hulpbronne en kapitaal. Dit sal na onbillikheid lei, omdat sommige partye ten koste van andere bevoordeel word. Dit lei verder na ondoeltreffende werkverrigting en veroorsaak skade aan reputasie, wat die werwing en behoud van goeie-gehalte-werknemers, asook om waarde vir geld by tenderprosedures te bekom, bemoeilik.

Olaniyan (2014:252) beweer dat korrupte bedrywighede in die openbare sektor grootliks die mees kwesbare individue raak. 'n Land se korrupte werksaamhede ontmoedig beleggings, belemmer begrotingsontwikkeling en ondermyn die oppergesag van die reg. Die vinnige en doeltreffende ondersoek van korrupsie stuur 'n duidelike boodskap aan staatsamptenare dat korrupsie nie geduld sal word nie, alhoewel die effek verminder word as die ondersoek onnodig uitgereg word. Bolongoita (2005:7), stel voor dat die fokus daarop moet wees om korrupsie 'n aktiwiteit van hoë risiko en lae vergoeding te maak deur maatreëls wat gemik is op die verhoging van die risiko's wat amptenare weens doeltreffende opsporing, ondersoek en vervolging sou loop. Chêne (2012:8) voeg by dat die kriminalisering van, byvoorbeeld, die aanbod en belofte van omkoopgeld 'n doeltreffende benadering kan wees vir lande waar toepassing 'n haalbare en realistiese opsie is. Indien dit nie die geval is nie, kan so 'n benadering teenproduktief wees en veroorsaak dat die opbrengs van kriminele optredes toeneem, wat finansiële aansporings vir korrupsie skep.

Die doel van hierdie artikel is om vas te stel of die multidissiplinêre benadering van die Teenkorrupsietaakspan (TKT) in die ondersoek na korrupsie in die Suid-Afrikaanse staatsdiens effektief is.

Die navorsingsvrae van hierdie artikel is as volg:

- Is die huidige multidissiplinêre benadering tot die ondersoek van korrupsie in die Suid-Afrikaanse staatsdiens doeltreffend?
- Verhinder enige van die faktore wat deur spanlede van die TKT ervaar word, die doeltreffende ondersoek van korrupsie in die staatsdiens?

Die oorblywende gedeelte van hierdie artikel word in agt afdelings verdeel. Die volgende afdeling skets die agtergrond van die ondersoek. Die derde afdeling beskryf die mandaat van die Teenkorrupsietaakspan. Die vierde afdeling gee 'n oorsig van korrupsie onder staatsamptenare in Suid-Afrika. Die vyfde afdeling gee 'n samevatting van die belangrikheid van teenkorrupsieagentskappe. Die sesde afdeling skets die doeltreffendheid van multidissiplinêre benaderings. Die sewende afdeling illustreer die navorsingsmetodes wat in hierdie studie gevolg is. Die agtste afdeling bevat 'n bespreking van die navorsingsbevindings. Die negende afdeling gee 'n opsomming van die studie.

## 2. Agtergrond van die ondersoek

Die Parlementêre Monitoringsgroep (PMG) (Parliamentary Monitoring Group 2014) meld dat korrupsiegevalle wat uit multifasette bestaan, gewoonlik ondersoek is deur die Direkoraat van Spesiale Operasies (DSO) wat die Skerpioene genoem is. Na die ontbinding van die DSO deur die Suid-Afrikaanse regering is dit deur die Valke vervang, wat onder beheer van die Direkoraat vir Prioriteitmisdadondersoek (DPMO) binne die Suid-Afrikaanse Polisiediens (SAPD) funksioneer, terwyl die Skerpioene onafhanklik onder die Nasionale Vervolgingsgesag (NVG) werksaam was. Die DPMO is in Julie 2009 as 'n onafhanklike afdeling binne die SAPD gestig kragtens artikel 17C van die Wet op die Suid-Afrikaanse Polisiediens 68 van 1995 (Republiek van Suid-Afrika 1995) soos gewysig deur die Wysigingswet op die Suid-Afrikaanse Polisiediens (Republiek van Suid-Afrika 2008). Die DPMO het die mandaat om nasionale prioriteitsmisdade te beveg, te ondersoek en te voorkom, byvoorbeeld ernstige georganiseerde misdade, ernstige handelsmisdade (insluitend ernstige ekonomiese misdade soos bedrog, geldwassery en afpersing wat deur staatsamptenare gepleeg word) en korrupsie wat uit multifasette bestaan in die staatsdiens, kragtens artikels 17B en 17D van die Wet op die Suid-Afrikaanse Polisiediens, Wet 68 van 1995, soos gewysig.

Die TKT, 'n ondersoekende eenheid binne die DPMO, het die mandaat om korrupsie wat uit multifasette bestaan, in die staatsdiens te ondersoek. Die TKT is in 2010 amptelik deur die voormalige Suid-Afrikaanse president, Jacob Zuma, gestig (Presidency 2015). Die eenheid is egter eers sedert 2011 ten volle operasioneel. Die TKT is 'n multidissiplinêre taakspan wat hoofsaaklik bestaan uit regerings- en eksterne entiteite, insluitend die SAPD, DPMO, NVG, Batebeslagleggingseenheid, Suid-Afrikaanse Inkomstediens (SAID), Spesiale Ondersoekeenheid (SOE), Finansiële Intelligensiesentrum (FIS), Nasionale Tesourie (NT), Ontwikkelingsbank van Suider-Afrika, Agentskap vir Staatsveiligheid (SSA), Departement van Justisie, die regering se kommunikasie-en-inligtingstelsel (GCIS), Nasionale Komitee vir Intelligensie-koördinerings, Departement van Prestasiemonitering en Evaluering, asook eksterne forensiese geoktrooieerde rekenmeesters en eksterne forensiese IT-spesialiste, wat elkeen 'n rol in die daaglikse werksaamhede van hierdie taakspan speel. Vervolgens val die TKT onder 'n groter bestuursliggaam waarvan die lede kollektief na verwys word as “prinsipale”, met die voorsitter as die hoof van die Valke (Parliamentary Monitoring Group 2014). Hierdie taakspan is gestig om ondersoeke van hoë prioriteit en hoëprofielkorrupsiesake te bespoedig (South African Press Association 2013).

Hierdie multidissiplinêre span prioritiseer korrupsie- en bedrogondersoeke in die staatsdiens waar R5 miljoen of meer per regeringsindividue betrokke is. Die voormalige staatspresident, Jacob Zuma, het verklaar: “Ons sal oor die kapasiteit beskik om enige soort uitwerking te hê op die uitwissing van korrupte aktiwiteite, want dit is wat ons bevolking van ons verwag” (Presidency 2015). In Oktober 2009 het die Minister van Finansies 'n multiagentskap-werkgroep (MAWG) gestig om verkrygingkwessies te bestuur wat aangetas is deur aktiwiteite en abnormaliteite binne die regering se verkrygingstrukture. In Julie 2010 het Zuma die taak aan Justisie se Misdaadvoorkoming-en-Veiligheidseenheid (JCPS) opgedra om die ondersoeke en vervolging te versnel (Presidency 2015). In Junie 2014 het die Teenkorrupsie-Interministeriële Komitee die funksie van die TKT bevestig en gerealiseer as die fokusliggaam met die mandaat om impak te verleen aan die regering se teenkorrupsie-aktiwiteitsplan, soos beoog deur die Nasionale Ontwikkelingsplan (NOP) (Nasionale Beplanningskommissie 2012), Mediumtermyn- Strategiese Raamwerk (MYSF) 2014–2019 (Republiek van Suid-Afrika 2014), Nasionale Sekuriteitstrategie (NSS) en die land se internasionale verpligtinge. Die Presidensie



het bevestig dat die TKT opmerklike suksesse behaal het en dat die regering hul werk om korrupsie uit te roei bewonder (Presidency 2015). Suid-Afrika het ook die Verenigde Nasies se Konvensie teen Korrupsie (UNCAC) mede-onderteken wat gedurende 2003 in Meksiko geëndosseer is (Schultz 2007). Die konvensie is in 2004 deur Suid-Afrika bekragtig (United Nations Office on Drugs and Crime s.j.) Dit het gelei tot die totstandkoming van die TKT deur die Suid-Afrikaanse regering, met die spesifieke mandaat om korrupte praktyke uit te roei.

### 3. Mandaat van die TKT

Die Nasionale Teenkorrupsiestrategie (NACS) (Republiek van Suid-Afrika 2016) bevestig dat die TKT sy aanvanklike mandaat afgelei het uit JCPS se leweringsooreenkoms (2010) wat vereis het dat die TKT stappe doen om korrupsie uit te roei, insluitend omkoperij deur amptenare binne die JCPS, deur teen 2014 170 JCPS-amptenare skuldig te bevind en te verseker dat beleggers se persepsie, vertroue en bereidheid om in Suid-Afrika te belê, verbeter sal word deur 100 mense skuldig te bevind wat bates van meer as R5 miljoen op onwettige wyse bekom het.

Die 2012-ooreenkoms is hersien; die nuwe doelwit is gespesifiseer as “verminderde korrupsie”, en daar is besluit dat, in stede daarvan om teen 2014 100 mense met bates wat R5 miljoen oorskry aan korrupsie skuldig te bevind, elke skuldigbevinding R5 miljoen of meer moet behels. Vir die 2014–2019 Mediumtermyn- Strategiese Raamwerk (MTSF) (Republiek van Suid-Afrika 2014) was dit die mandaat van die TKT (2016) om die volgende te verseker:

Korrupsie in die openbare en privaat sektore word verminder deur ’n veerkragtige teenkorrupsiestelsel te bou om gevalle van beweerde korrupsie suksesvol op te spoor en te ondersoek met die doel om oortreders te vervolg, skuldig te bevind en op te sluit. Dit sal hopelik as ’n afskrikmiddel dien en bydra om ’n korrupsievrye samelewing te verseker.

Volgens die bepalings van subuitkomst 7 van die 2014–2019 MTSF (Republiek van Suid-Afrika 2014) is die mandaat van die TKT tans om:

- die vlakke van korrupsie in die openbare en privaatsektore te verminder, en daarmee beleggers se persepsie, vertroue en bereidwilligheid om in Suid-Afrika te belê te verbeter deur te verseker dat 120 persone aan korrupsie of verwante misdade skuldig bevind word waar die bedrag R5 miljoen of hoër is, deur vanaf 1 April 2014 tot 31 Maart 2019 R1,38 miljard deur bevriesingsbevele te bekom en R180 miljoen deur invordering.
- te verseker dat korrupsie onder staatsamptenare verminder word om as afskrikmiddel te dien deur vanaf 1 April 2014 tot 31 Maart 2019 1 000 staatsamptenare skuldig te bevind aan korrupsie of verwante misdade waarby enige bedrag geld betrokke is.

#### 4. Korrupsie onder staatsamptenare in Suid-Afrika

Transparency International se korrupsiepersepsie-indeks (KPI) klassifiseer lande volgens hul waarneembare korrupsievlakke in die openbare sektor en weerspieël die perspektiewe van wêreldwye waarnemers, insluitend spesialiste en sakepersone wat in die gebiede wat geëvalueer word, woon en werk. Die KPI ken aan lande 'n telling toe op 'n skaal vanaf 0 (buitengewoon korrup) tot 100 (skoon, geen korrupsie). Deur die KPI te gebruik het Transparency International (2017; 2019) die volgende telling op die skaal aan Suid-Afrika toegeken: 43 in 2012, 42 in 2013, 44 in 2014, 44 in 2015, 45 in 2016, 43 in 2017, en 44 in 2019. Hierdie tellings dui aan dat korrupte aktiwiteite met vele fasette alomteenwoordig is in die Suid-Afrikaanse staatsdiens. 'n Swak telling is 'n waarskynlike aanduiding van verreikende korrupte aktiwiteite, die afwesigheid van gevolglike dissipline, en openbare instellings wat nie op die bevolking se behoeftes reageer nie. Om te verstaan hoe diepliggend korrupsie in die staatsdiens is, kan 'n mens maar net kyk na korrupte praktyke in semistaatsinstellings soos Eskom, Suid-Afrika se monopolistiese kragverskaffer; Prasa (Passasierspooragentskap van Suid-Afrika), die Suid-Afrikaanse onderneming in staatsbesit wat verantwoordelik is vir spoorwegdienste, en Transnet, Suid-Afrika se spoorweg-, hawens- en pyleidingsmaatskappy waarvan die Suid-Afrikaanse regering die meerderheidsaandeelhouer is.

Die African News Agency (2015) berig dat Eskom die uiterste moeite gedoen het om te verseker dat 'n steenkooltender ter waarde van R4 miljard aan die polities-verbonde Gupta-familie toegeken is om vir 10 jaar steenkool aan die Majuba-kragentrale in Mpumalanga te voorsien, ten spyte daarvan dat hulle sedert 2011 verwerp is weens die swak gehalte van hul steenkool. Die kontrak is met sy vyfde poging aan die maatskappy toegeken nadat hulle vier keer 'n steenkoolgehaltetoets wat Eskom R100 000 per toets gekos het, nie kon slaag nie. Nadat die transaksie beklink is, is vier senior Eskom-werknemers op omstrede wyse geskors nadat hulle die gehalte van die Gupta-steenkool bevraagteken het. Die ontledingsverslae wat op die toetse gevolg het, het aangetoon dat die gehalte van die steenkool wat verskaf is, "twyfelagtig" was. Dit het vrae laat ontstaan waarom sulke substandaard steenkool verkies is bo ander meer geskikte steenkool. Die ooreenkoms, wat in Maart 2015 gesluit is, was onwettig en ongeldig en het geen wetlike krag gehad nie (Cronjé 2020). Nicolaides (2018) berig dat 'n steenkooltekort by ses van Eskom se kragentrales die direkte gevolg was van hul onderhandelings met die Gupta-familie. In 2017 het uitgelekte e-posse onthul dat Eskom na bewering aan Tegeta Exploration and Resources, die maatskappy wat aan die Guptas behoort, meer as 'n half miljard rand betaal het om die Optimum-steenkoolmyn te koop. Dit het die sluier van korrupsie by die kragvoorsiener gelig. Tegeta Exploration and Resources het gesukkel om steenkool aan Eskom, wat ernstige steenkooltekorte ervaar het, te voorsien. Volgens Mantshantsha (2018) vorm korrupsie die kern van Eskom se steenkooltekort.

Myburgh (2020) berig dat die Prasa-raad 'n voormalige hoof- uitvoerende beampte te midde van korrupte aktiwiteite, bewerings en teenbewerings geskors het toe dit aan die lig gekom het dat byna R500 miljoen van 'n mislukte kontrak vir baie noodsaaklike nuwe lokomotiewe verdwyn het in 'n web van privaatrekening, trusts en maatskappye wat beheer word deur, of gekoppel word aan die hoofrolspelers in een van Suid-Afrika se grootste tenderskandale tot op datum. Dit het alles in die openbare domein gebeur – wat die verstommende graad van heersende geldgierigheid en gewetenloosheid beklemtoon. Prasa se R2,6 miljard-kontrak vir ondoelmatige lokomotiewe en die R2 miljard-fiasko van die VBS Mutual Bank, om net twee voorbeelde te noem, verdwerg die R4 miljoen wat in 2018 na bewering van Prasa geroof is. Hierdie kriminele gevalle word tans deur die nuutgevormde Onderzoekdirektoraat (ID) binne



die NVG ondersoek, wat ondersoekbeamptes van die DPMO (die Valke) insluit. Die Openbare Beskermer se verdoemende verslag, getiteld “Derailed”, gee te kenne dat die voormalige geskorste hoof van Prasa die semistaatsinstelling se koffers leeg gemelk het deur plesierritte op die Bloutrein te onderneem en twyfelagtige tenders ter waarde van miljarde rand goedgekeur het (Wa Afrika, Hofstatter en Rampedi 2015). Mantshantsha (2018) wys daarop dat ’n vorige hoof uitvoerende beampte van beide Eskom en Transnet, ’n vorige hoof-finansiële beampte van beide Eskom en Transnet, ’n ander vorige uitvoerende beampte van Eskom, asook ’n ander vorige hoof- uitvoerende beampte van Transnet onder diegene tel wat baie prominent vertoon in die korrupsie by Transnet en Eskom.

Die Departement van Justisie en Konstitusionele Ontwikkeling het ’n mediaverklaring uitgereik oor tendense aangaande korrupsie wat deur staatsamptenare in Suid-Afrika gepleeg word (Radebe 2013). Gedurende 2013 is altesaam 758 verdagtes in diens van die staatsdiens ondersoek weens beweerde korrupte aktiwiteite, en bevriesingsbevele ter waarde van R1,07 miljard is verkry. Nog ’n voorbeeld is die R14,7 miljoen-bevel vir batebeslaglegging wat teen ’n vorige hoof- uitvoerende beampte van Landbank en sy medebeskuldigde uitgereik is. Hulle het na bewering Landbank bedrieg en fondse na ’n verskeidenheid buite-entiteite oorgeplaas vir hul eie gewin. Hierdie saak dien tans in die hof.

Die SAPD se amptelike misdaadstatistiek wat spesifiek oor korrupsie handel, kan nie in besonderhede ondersoek word nie, aangesien korrupsie onder die algemene misdaadkategorie “handelsmisdaad” ressorteer. Dit behels ’n breë spektrum misdade soos multifasethandelsdiefstal, vervalsing van valuta, vervalsing van goedere, misdade teen intellektuele eiendom, asook bankverwante misdade. Misdaadstatistiek wat slegs met handelsmisdade verband hou, sou derhalwe nie betroubaar wees nie. Die SAPD se misdaadkategorisering van korrupsie ontwrig pogings om korrupte aktiwiteite doeltreffend te ondersoek en tendense te identifiseer.

Bruce (2014) erken dat daar ’n gebrek aan breedvoerige statistiese data oor korrupsie beskikbaar is. Hy stel voor dat gegewe die plaag korrupte aktiwiteite in Suid-Afrika, dit belangrik is dat die SAPD meer breedvoerige statistieke en insigte oor die verskillende oortredings verskaf wat onder die breë kategorie “handelsmisdaad” ressorteer.

Die Parlementêre Moniteringsgroep (PMG) berig dat sedert die ontstaan van die TKT in Oktober 2010, altesaam 189 gevalle gehanteer en 68 gevalle afgehandel is (Parliamentary Monitoring Group 2014). Altesaam 77 gevalle is ondersoek en 44 gevalle van ernstige korrupsie is op die hofrol geplaas. Die totale aantal staatsamptenare wat skuldig bevind is aan korrupsie waar R5 miljoen of meer betrokke is, is 128: 63 amptenare vir die periode 2010 tot 2014, 23 amptenare vir die periode 2014 tot 2015, 34 amptenare vir die periode 2015 tot 2016, en agt amptenare vir die periode 2016 tot 2017. Die kumulatiewe syfer vir die TKT se 2014–2019-periode tot op datum was 65. Om die TKT se teiken van 120 staatsamptenare teen 2019 te bereik, moes 55 persone nog skuldig bevind word. Van 2014 tot 2016 is altesaam 399 staatsamptenare skuldig bevind aan korrupsie waarby enige bedrag geld betrokke was. Om die geteikende 1 000 skuldigbevindings teen 2019 te bereik, moes 601 staatsamptenare nog skuldig bevind word. Sedert die totstandkoming van die TKT in 2010 tot die skrywe van hierdie artikel is altesaam 931 staatsamptenare skuldig bevind. Ten spyte hiervan was parlamentslede gedurende die aanbieding van die Staande Komitee oor Openbare Rekeninge (Skoor, of Scopa) nie beïndruk met die tempo van skuldigbevindings deur die TKT nie en het die komitee die TKT as ’n byna onbevoegde organisasie bestempel (TKT 2016).

Volgens Atkinson (2007:68) word die probleme van korrupsie dikwels in openbare petisies onthul en is daar groeiende kommer in Suid-Afrika oor wat in werklikheid onder regeringskorrupsie verstaan word. Die Instituut vir Demokrasie in Suid-Afrika (Idasa) het in 2005 'n opname gemaak wat onthul het dat 24% van deelnemers onder die indruk was dat plaaslike regerings en plaaslike kamers by korrupte aktiwiteite betrokke was (Buhlungu, Daniel en Southall 2007:68). Tydens die verrigtinge van die PMG wat handel oor die TKT se vordering met dissiplinêre gevalle wat teen staatsamptenare in Limpopo ondersoek word, het verskeie rolspelers in die stryd teen korrupte staatsamptenare 'n aantal perspektiewe verskaf oor faktore wat die doeltreffende ondersoek van sulke gevalle verhinder. Tekoetsile Motlashuping (African National Congress, Noordwes) het die TKT gemaak om nie te lank stil te staan by die sake wat nog hangende is nie, aangesien dit moontlik die sake kan verswak (TKT 2016). Anwa Dramat (vorige nasionale hoof van die DPMO) het bygevoeg dat die TKT en die Departement van Openbare Diens en Administrasie bekend gemaak het dat hulle die probleem onthul het van die staatsamptenare wat korrupsie-aanklagte ontduik, asook ander wat by een departement bedank en dan weer op 'n munisipale vlak te voorskyn kom (Departement van Openbare Diens en Administrasie 2015). Johan du Plooy (groepleier, TKT) het geantwoord dat dit onmoontlik is om 'n getuie te dwing om onder eed in die hof te getuig en dat dit in party gevalle groot vertraging veroorsaak (Parliamentary Monitoring Group 2014). Dramat het ook bevestig dat selfs indien die amptenare bedank, die kriminele klagtes voortbestaan so lank as wat hulle in die land woon (Parliamentary Monitoring Group 2014).

## 5. Die belangrikheid van teenkorrupsieagentskappe

Teenkorrupsieagentskappe het die enorme taak om die gemeenskap van korrupsie te verlos en sodoende lande in staat te stel om te floreer omdat fondse dan vir die beoogde doelwitte aangewend word. Goeie regering is van die grootste belang om aan die ontwikkelingsdoelwitte van 'n land te voldoen en om korrupte praktyke te beveg. Teenkorrupsieagentskappe moet bewusheid skep van korrupsiegevaare deur veranderinge aan te beveel vir die huidige staatsdiensprosedure wat geleenthede vir korrupsie in regeringsagentskappe skep. Hulle moet teenkorrupsieboodskappe versprei deur openbare onderrig- en uitreikprogramme vir die samelewing. Ten einde doeltreffend te wees, moet hulle 'n omvattende mandaat hê wat voorkoming, onderrig en korrupsie-ondersoek insluit. Quah (2011:584) wys op die volgende: Indien 'n land goed bestuur word, sal dit waarskynlik minder korrupsie ervaar, aangesien die regering onpartydig die verskillende teenkorrupsiemaatreëls in werking stel. Indien 'n land egter swak bestuur word (soos China of die Filippyne), is dit meer geneig om deur wydverspreide korrupsie geteister te word, omdat die regering nie die politieke wilskrag het om die teenkorrupsiemaatreëls in werking te stel nie. De Speville (2008) het die aandag gevestig op die feit dat teenkorrupsieagentskappe gewoonlik gestig word wanneer korrupsie so wyd versprei het en die polisie so korrupt is dat oortredings van omkoperie nie langer ondersoek of vervolg word nie. In 'n desperate poging om die verrotting stop te sit, stig regerings teenkorrupsieagentskappe, half in die geloof dat die probleem dan sal verdwyn. Die afkondiging van nuwe wetgewing om korrupte aktiwiteite te beveg, saam met bykomende strafmaatreëls, het geen uitwerking nie, want die probleem word erger. Baie van hierdie agentskappe misluk klaaglik om enige uitwerking op korrupte praktyke te hê, aangesien samewerking tussen die verskillende instellings noodsaaklik is om doeltreffend in die stryd teen korrupsie te wees. Omvattende gesag moet aan die teenkorrupsieagentskappe toevertrou word en hulle moet self ook aan toesig onderwerp word.

Die volgende behoort die twee hoofkomponente van toesig te wees:

- die deursigtige administrasie van die teenkorrupsieagentskap self
- sy aanspreeklikheid teenoor die verskillende kantore in die regering.

Die Sentrum vir Konstitusionele Oordrag, Internasionale Instituut vir Demokrasie en Kieshulp en die Verenigde Nasies Ontwikkelingsprogram (United Nations Development Programme 2014:94–5) maak die volgende waarnemings:

Dit is die rol van teenkorrupsieagentskappe om 'n toerekeningsvatbare regering te kweek deur deursigtige praktyke te bevorder; en hulle moet self ook deursigtige praktyke volg deur beide die oppergesag van die reg en betrokke menseregtestandaarde te volg. Die publiek moet maklike toegang tot hul werk hê. Hul verslae moet gereeld (minstens jaarliks) op toeganklike forums, soos die internet, beskikbaar wees. Verder moet daar interne etiese reëls en dissiplinêre prosedures wees wat ondersoek en vervolgings reguleer. Bykomend tot deursigtige praktyke moet teenkorrupsieagentskappe onderwerp word aan wigte en teenwigte deur ander vertakkings van die regering. Dit is moeilik om te reël sonder om die teenkorrupsieagentskappe aan onnodige politieke invloed te onderwerp. Een opsie is om die teenkorrupsieagentskappe te onderwerp aan 'n verslag deur 'n eksterne komitee wat bestaan uit verteenwoordigers van verskillende staatsliggame, soos die parlement en die regbank, en selfs die privaatsektor.

Die grondwet van Thailand (Kingdom of Thailand 2007) dui aan dat hulle 'n alternatiewe strategie vir toesig oor die teenkorrupsieagentskap gebruik. Parlementêre raamwerke vereis dat 'n teenkorrupsieagentskap aan 'n parlementêre raad van trustees verantwoording doen. Hierdie raad bestaan uit verteenwoordigers van beide die regerende party en 'n opposisieparty. Hierdie praktyk is deur die VN geprys vir die klaarblyklike deursigtigheid daarvan.

Nino (2010) som op dat die bestryding van korrupsie noodsaaklik is om die norm van wetteloosheid regdeur die land te verander. Sonder 'n sterk en wyd beskikbare boodskap van geregtelike instellings sal individue aanhou aanneem dat baie politici en staatsamptenare korrup is en hul magposisies misbruik.

## 6. Die doeltreffendheid van multidissiplinêre benaderings

'n Multidissiplinêre benadering behels dat gepas van verskeie dissiplines gebruik gemaak word om probleme buite normale grense te herdefinieer en oplossings te bereik. Een van die belangrikste hindernisse in die multidissiplinêre benadering is die lankgevestigde tradisie van ernstig-gefookste professionele praktisyns wat 'n beskermende grens om hul spesialiteitsarea kweek. Daar word soms gevind dat hierdie tradisie nie gunstig werk tot voordeel van die breë openbare belang nie. Regeringsagentskappe en party ingeligte professionele liggame het onlangs in die multidissiplinêre benadering begin belang stel en hulle erken die voordele van sistemiese denke om komplekse probleme op te los. (Definitions.net s.j.)<sup>1</sup>

'n Studie deur John en Maguire (2007) het bevind dat die skuif na 'n werklike multiagent-misdaadverminderingbenadering belemmer is deur die afwesigheid van 'n formele besluitnemingstruktuur om daardie inisiatiewe te ondersteun. Taylor (2015) identifiseer verskeie

voordele van die gebruik van 'n multidisiplinêre benadering om misdaad en kriminaliteit te verstaan. Een belangrike voordeel is die omvattende, veelvlakkige en diepgaande ontleding wat dit fasiliteer. Dit help die teenkorrupsieagentskap om die rol van aard of opvoeding, of beide, te ondersoek om kriminaliteit en die rol wat misdaad speel te verduidelik. Ten opsigte van probleemoplossing put 'n multidisiplinêre benadering uit verskeie dissiplines om 'n nuwe opvatting van situasies met verskeie fasette te bevorder. 'n Voorbeeld wat Johnston (2007:290) aanhaal, is die multiagentskappolisiëringbenadering wat die Britse strafregstelsel vir langer as 10 jaar met 'n mate van sukses gebruik in 'n poging om korrupte aktiwiteite uit te roei.

Die Verenigde Nasies se Ontwikkelingsprogram (United Nations Development Programme 2005) noem dat die onafhanklikheid van die agentskap 'n fundamentele vereiste vir sy doeltreffendheid is. Dit verwys breedweg na die vermoë van die instelling om sy missie te verrig sonder die inmenging van magtige individue of die politieke elite. Hussmann en Hechler (2008) verduidelik dat die konsep van onafhanklikheid verstaan kan word in terme van organisatoriese, finansiële en funksionele onafhanklikheid, en dat die institusionele opset inhoudspesifiek moet wees ten einde onafhanklikheid te verseker. As daar geen koördinasie is nie, word die regering se hulpbronne nie toegewys om te voldoen aan die behoeftes van die teenkorrupsieagentskap nie, en dit verhinder hulle om doeltreffend op te tree. Chêne (2012:6) merk op dat dit derhalwe belangrik is om moontlike jurisdiksionele konflikte met ander betrokke agentskappe in die stryd teen korrupsie te oorweeg, institusionele duidelikheid te verskaf en seker te maak dat die vestiging van die gespesialiseerde agentskap nie ander bestaande strukture ondermyn nie. Grieve, Crego en Griffiths (2007:579) skryf die volgende oor onafhanklike betrokkenheid in 'n multiagentskapbenadering:

Onafhanklike betrokkenheid vermy ook misverstande waar die polisie 'n spesifieke benadering ontwikkel het wat ander partye van deelname kan uitsluit. Daarom, terwyl onafhanklike adviseurs 'n uitwaartse en sigbare teken van openheid en toerekenbaarheid is, kan hulle ook die polisie se denkwysse, ingesteldheid en aannames verander. Dit help om vrymoedigheid en vertroue tussen polisie, families en gemeenskappe te bou.

Lewis en Stenning (2014:11) verklaar dat die DPMO by 'n kruispad is. In die uitspraak van die Konstitusionele Hof in die saak *Glenister v President of the Republic of South Africa and Others* (CCT 48/10) [2011] ZACC 6, is onsekerheid geopper oor die verdere bestaan van die DPMO binne sy huidige formele raamwerk. Onder die mees indringende vrae wat in die Konstitusionele Hof se uitspraak geopper is, is of die DPMO onafhanklik genoeg kan wees terwyl dit binne die SAPD gesetel is.

Tang en Hsiao (2013) noem dat die hoofrede vir die teenkorrupsieagentskappe se bestaan is om die fokuspunte en hindernisse van 'n multidisiplinêre groepsopgawe te begryp. Die voordele van 'n multidisiplinêre groepsopgawe is:

- verbeterde kommunikasievermoë
- vertroudheid met die samewerkingsproses van die ondersoek
- bevordering van samewerkingsvaardighede
- positiewe voordele vir toekomstige loopbaanontwikkeling
- wedersydse ondersteuning van verskillende beroepe
- verbeterde besef van prestasie en kundige bekwaamheid
- kollektiewe optrede
- samewerking.

## 7. Navorsingsmetodologie

Hierdie artikel is gebaseer op empiriese navorsing vir 'n DPhil-graad (Smit 2019). In hierdie studie word 'n kwalitatiewenavorsingsbenadering gevolg met 'n enkelinstrument-gevallestudie-ontwerp. Creswell (2013) verduidelik dat die navorser in 'n enkelinstrument-gevallestudie op 'n probleem fokus en een omgrenste geval kies om die probleem te demonstree. Die TKT dien in hierdie studie as die enkelinstrumentgeval. Stake (in Creswell 2013) verklaar dat 'n gevallestudie die keuse van wat bestudeer gaan word, reflekteer (d.w.s. 'n geval in 'n begrensde stelsel, begrens deur tyd en plek). Die gevallestudie (die TKT) wat in hierdie studie ondersoek word, het die volgende tyd- en plekparameters:

- Wat tyd betref, het die gevallestudie begin met die stigting van die TKT in 2010 en gestrek tot sy aktiwiteite in 2018.
- Wat plek betref, is hierdie gevallestudie beperk tot die TKT in Pretoria. Die TKT verrig sy werksaamhede uit sy kantoor in Pretoria en is verantwoordelik vir die ondersoek van korrupsiegevalle met multifasette in die staatsdiens landswyd.

Die populasie van hierdie studie sluit ondersoekbeamptes van die DPMO in wat aan die TKT verbonde is, en wat bestaan uit die verskillende staatsdepartemente en eksterne nieregerings-konsultante, soos wat in afdeling 2 hier bo geïdentifiseer is. Hierdie eksterne konsultante het aan die TKT ondersoekkundigheid, regsmenings, forensiese ouditering, forensiese IT-ontledings en raadgewende bevoegdheid voorsien. Die kriteria wat gebruik is om in hierdie geval te kies, is gegrond op die mandaat van die TKT om beweerde korrupsie onder staatsamptenare te ondersoek. Niewaarskynlike steekproeftrekking in die vorm van doelgerigte steekproeftrekking is toegepas. Braun en Clarke (2013) stel dit dat met doelgerigte steekproeftrekking die kies van deelnemers berus op die uitgangspunt dat hulle in staat sal wees om data wat ryk aan inligting is, te verskaf. Gegrond op die menings van Braun en Clarke (2013), is die onderstaande deelnemers van die TKT gekies as die steekproef (n=17) vir hierdie ondersoek, aangesien hulle die nodige kennis en ervaring gehad het om betekenisvolle data te verskaf:

- Agt ondersoekbeamptes van die DPMO verbonde aan die TKT wat korrupsie in die staatsdiens ondersoek het.
- Twee advokate, wat aan die TKT regsleiding verskaf het aan die begin van die ondersoek, asook regsmenings oor wetgewing.
- Drie forensiese ondersoekbeamptes wat geakkrediteer is by die Vereniging vir Gesertifiseerde Bedrogondersoekers (ACFE) wat aan die TKT bystand verleen het gedurende konsultasie met getuies, die opstel van beëdigde verklarings, en die identifisering van getuies en bewyse.
- Twee eksterne forensiese geoktrooieerde rekenmeesters en/of hul onderskeie maatskappye wat spesifieke bankrekords van verdagtes ontleed het om die TKT by te staan om moontlike geldwassery, korrupsie en afpersing deur hierdie rekords te identifiseer.
- Twee eksterne forensiese IT-spesialiste wat die TKT bygestaan het om elektroniese data te gebruik om die outentisiteit van elektroniese dokumente en die verifikasie van hutswaardes te bevestig.

Gegewe die sensitiewe aard van korrupsie in die regering, was die verkryging van toestemming vanaf die SAPD en die DPMO en samewerking van verskillende rolspelers in die TKT 'n



uitdaging. Verskeie staatsdepartemente het nie gereageer op versoeke vir toestemming om aan hierdie studie deel te neem nie, terwyl ander botweg geweier het. Die verskillende hekwagters van elke staatsdepartement wat deel van die TKT vorm, is genader om goedkeuring vir deelname aan hierdie studie te verkry. Die NVG, die Batebeslagleggingseenheid, SAID, SOE, Finansiële-intelligensiesentrum (FIC) en die NT het nie op die versoek gereageer nie en is gevolglik van hierdie studie uitgesluit. Slegs die DPMO het die versoek goedgekeur. 'n Aantal TKT-onderzoekbeamptes het egter verkies om nie aan die studie deel te neem nie. Ten einde hierdie uitdaging die hoof te bied, is daar staatgemaak op die uitgebreide kennis en kundigheid van eksterne diensverskaffers/konsultante wat deel van die TKT vorm, bykomend tot deelnemers van die DPMO. Hierdie diensverskaffers is aangestel om die TKT met sy ondersoeke van korrupsie deur staatsamptenare by te staan, aangesien amptenare van die TKT nie spesifieke kennis, kundigheid of bevoegdheid, soos forensiese rekeningkunde en forensiese IT-kennis, het nie. Hierdie eksterne verskaffers/konsultante was voorheen in diens van die Batebeslagleggingseenheid, die SOE en die NVG.

Diepgaande individuele onderhoude is met die doelbewus-gekoose persone wat deel was van die steekproef gevoer en dit is elektronies opgeneem. Data wat met die diepgaande onderhoude ingesamel is, is getranskribeer en daarna ontleed volgens die spiraalmetode van data-analise, soos beskryf deur Leedy en Ormrod (2001:161). Transkripsies is bykomend deur 'n ervare, onafhanklike medekodeerder geanaliseer en geverifieer. Na 'n konsensusbespreking tussen die eerste outeur en die medekodeerder, is die geanaliseerde data bekragtig om betroubaarheid te verseker. Toestemmings om hierdie studie te onderneem is by die SAPD en DPMO verkry, asook van elke verkose eksterne diensverskaffer/konsultant. Etiese toestemming om hierdie studie te onderneem is toegestaan deur die Navorsingsetiekkomitee van die Universiteit van Suid-Afrika. Daar is voldoen aan die beleid oor navorsingsetiek van die Universiteit van Suid-Afrika (Universiteit van Suid-Afrika 2016). Gebaseer op die etiese beginsels van hierdie beleid, is deelnemers ten volle ingelig oor die navorsingsproses en die doelwit. Deelnemers is bemagtig met die nodige besonderhede van die navorsing en hul verwagte rol in die studie. Dit het hulle in staat gestel om besluite te neem en keuses te maak om hul eie belang te beskerm. Deelnemers is eweneens die kans gegee om enige tyd uit die studie te onttrek sonder om hul redes te verstrek. Verder is die identiteit van elke deelnemer anoniem gehou en inligting wat gedurende die onderhoude ingesamel is, is vertroulik gehou.

## **8. Aanbieding van die navorsingsbevindings**

'n Bespreking van die bevindings word in hierdie afdeling aangebied. Hierdie bevindings is deur verbatim reaksies van die onderhoude verryk om die reaksies van die deelnemers te illustreer en die leser se gewaarwording van die navorsingsagtergrond te verbeter.

### **8.1 Om die doelstellings en mikpunte van die TKT te bereik**

Die Organisasie vir Ekonomiese Samewerking en Ontwikkeling (Organisation for Economic Co-operation and Development 2011) verduidelik dat 'n metodologiese benadering tot die doeltreffende en suksesvolle ondersoek van korrupsiegevalle noodsaaklik is. Die beplanning en doeltreffendheid van die multidissiplinêre ondersoek hang deurslaggewend af van die stel van spesifieke doelwitte met duidelike mikpunte vir elke spanlid. Dussich (2006) beklemtoon dat dit noodsaaklik is om by korrupsie-ondersoeke 'n vertroulike benadering te volg om die



kanse te verminder van 'n skikking oor die ondersoekdoelwitte, of onverskoonbare inmenging deur hoofde.

Die reaksies van deelnemers het hoofsaaklik negatiewe ervarings aangedui wat betref pogings deur die TKT om die gestelde doelwitte te bereik. Die meerderheid van die deelnemers het met gemengde gevoelens gereageer oor die doeltreffendheid van die TKT en die reaksie was 'n voorwaardelike "ja, maar" of "nee, maar". Die meeste deelnemers het baie duidelik gesê dat die TKT aanvanklik sy doelwitte bereik het, maar nie langer op die regte pad is nie. Deelnemers het gevoel dat die multidissiplinêre benadering met die verloop van tyd vervaag het. Die gevolg hiervan was dat die TKT minder doeltreffend was as wat dit behoort te wees. Die algemene mening was dat die TKT nie korrupsie doeltreffend kan ondersoek en sy beoogde doelwitte en mikpunte bereik nie. 'n Aantal deelnemers het soos volg gereageer:

Ja, maar nie soos vereis nie, maar hulle het korrupsie gehanteer.

Dit het aanvanklik die doelwitte bereik, maar nie tans nie.

Die TKT het nie sy doelwitte en mikpunte bereik nie en het misluk om korrupsie doeltreffend te hanteer.

Ja, die TKT het geslaag [maar] die teiken is nie bereik nie, maar daar is groot vordering met die ondersoeke gemaak.

Ek dink hulle slaag tot 'n sekere mate, maar weens meer eksterne faktore en redes slaag hulle nie meer nie.

Die doelwitte en mikpunte van die TKT was nie langer bereikbaar nie.

Die TKT is nie meer doeltreffend met die ondersoek na korrupsie nie. Aanvanklik ja, die TKT het sy doelwitte en mikpunte bereik, maar nie met die huidige operasionele struktuur van die eenheid nie.

Die TKT bereik nie sy doelwitte en mikpunte om korrupsie te ondersoek nie, weens politieke inmenging in die ondersoekpligte in die eenheid.

Deelnemers het verder onthul dat die eenheid 'n ernstige tekort aan noodsaaklike hulpbronne het wat die span benodig om doeltreffend in die stryd teen korrupsie te wees:

Nee; byvoorbeeld, lede wat bedank, word nie op 'n doeltreffende manier vervang om seker te maak dat die TKT operasioneel bly nie.

Nee, ons doelwitte word nie bereik nie.

Hierdie eenheid word nie geprioritiseer wat hulpbronne of mannekrag betref nie. Dit is meer uiterlike vertoon as korrupsieondersoeke. Ons kan nie werklik wys wat ons in die afgelope sewe jaar bereik het nie.

Nee, ek dink nie ons doen dit nie. Ons moet doeltreffend benut word sodat ons, die TKT, ons doelwitte kan bereik.

Slegs een deelnemer het 'n onvoorwaardelike positiewe reaksie gehad:

Ek dink ja, dit is werklik so. Die TKT bereik wel die doelwitte en mikpunte wat vir hulle gestel word in die ondersoek van alle gevalle.

## **8.2 Uitdagings wat tydens korrupsieondersoeke in die staatsdiens ervaar is**

### **8.2.1 Kommunikasie en samewerking in die TKT**

Tang and Hsiao (2013) beweer dat een van die betekenisvolste voordele van multidissiplinêre samewerking is dat alle vennote verplig is om te kommunikeer. Hulle beklemtoon verder die belangrikheid van spanlede se kommunikasievaardighede, asook groepwerk om tot verbeterde professionalisme by die teenkorrupsieagentskap by te dra. Mungiu-Pippidi (2015) spesifiseer verder dat interinstusionele samewerking en verhoudings tussen burgerlikesamelewing- en regeringstrukture, en tussen instellings wat verantwoordelikhede dra op die gebied van korrupsievoorkoming, betekenisvol is in die koördinerings van hierdie entiteite se pogings, deur die fasilitering van inligting-uitruiling.

Die algemene mening was dat kommunikasie en die deel van inligting nie doeltreffend was nie. Die meeste deelnemers was van mening dat kommunikasie verbeter moet word, wat tot 'n meer doeltreffende ondersoekbenadering sal lei. Deelnemers het 'n gebrek aan kommunikasie geïdentifiseer, en derhalwe 'n gebrek aan samewerking en koördinasie in die span, wat gelei het tot vertraginge in korrupsieondersoeke. Deelnemers het verder kommunikasie gesien as 'n sleutel tot die versekering dat werk nie gedupliseer word en ondersoeke onnodig verleng word nie. Deelnemers het hul ervarings soos volg beskryf:

Onvolledige deel van inligting veroorsaak onnodige vertraginge en afsluiting van die ondersoek, asook 'n verlies van belangrike inligting, feite en bewyse.

Samewerking en kommunikasie tydens hierdie ondersoeke is pateties.

Nie almal werk saam in hierdie multidissiplinêre benadering nie. Daar was beslis 'n gebrek aan kommunikasie en samewerking.

Spanlede is nie saam nie; hulle praat nie met mekaar nie. Dit is basies elke dissipline op sy eie.

Dit het verder aan die lig gekom dat interne magstryd en jaloesie tussen die verskillende staatsdepartemente binne die TKT die kommunikasie en samewerking belemmer het.

Samewerking is moeilik omdat elkeen hul eie koninkryk wil skep, omdat hulle ook terugvoering aan die parlement moet gee.

Dit lyk asof elkeen individueel sy eie eenheid of eie idee wil bevorder.

'n Mens kry spanlede wat nie inkoop by die idee van 'n multidissiplinêre benadering en om saam te werk nie. Hulle sal dus in een rigting kommunikeer en wil nie inligting met ons deel nie.

In die praktyk het ek professionele jaloesie ervaar, waar een afdeling nie werklik inligting wou deel of kommunikeer nie, of miskien nie dokumentasie en inligting wou oorhandig nie.

Regeringsdepartemente of regeringspanlede wil nie sleg vertoon nie en daarom wil hulle nie aan jou die betrokke dokumentasie gee om jou saak te bewys nie.

Slegs 'n handjievol deelnemers het, soos hier onder vermeld, positief gereageer oor kommunikasie en samewerking:

Die aanklaers saam met wie ek werk, is werklik behulpsaam en ons het idees gedeel. Ek sou sê daar is kommunikasie binne die Finansiële-intelligensiesentrum, en dan het ons, na my mening, goeie kommunikasie met die Spesiale Ondersoekseenheid.

Daar heers goeie samewerking in die span en onder mekaar.

Ondersoekbeamptes, die Vervolgingsgesag, die Batebeslaglegginseenheid, asook die Finansiële-intelligensiesentrum werk ten nouste saam en deel inligting. Ons kry soms samewerking en soms nie; so, dit is nie net negatief nie, dit is positief en negatief.

### *8.2.2 Veeleisende werklading en onvoldoende hulpbronne*

Hussmann en Hechler (2008) beklemtoon dat die toewysing van voldoende hulpbronne vir die suksesvolle werksaamhede van die agentskap onder die kwessies tel wat deur die teenkorrupsie-agentskappe oorweeg moet word. Mungiu-Pippidi (2015) benadruk verder dat verhoudings tussen teenkorrupsie-instellings op menslike en tegniese hulpbronne moet fokus. Doig, Watt en Williams (2006) noem dat voldoende hulpbronne noodsaaklik is om genoeg bekwame werknemers te lok en te behou, ten einde metodiese ondersoeke en vervolgings te kan uitvoer.

Alle deelnemers het onomwonde verklaar dat hulle weens menslike- en fisiese hulpbronnestremming hul bestaande werklading nie kon hanteer nie. Deelnemers het hul ervarings soos volg beskryf:

Gebrek aan menslike en kapitaalhelpbronne is 'n ernstige bekommernis.

Daar is te min mense en te veel gevalle.

Die TKT is onder 'n baie hoë ondersoekwerklading.

Daar is te min ondersoekkapasiteit, geen behoorlike ondersteuning vir gevallebestuur, en geen behoorlike struktuur om blokkasies te verwyder nie. Dit voel tans asof ons net besig is met uiterlike vertoon vir die Verenigde Nasies om aan die verskeie internasionale ooreenkomste te voldoen. Ons gee nie aandag aan die kwessies wat voor die hand liggend is nie.

Bykomend tot die buitensporige druk weens die werklading beskik die span oor onvoldoende basiese menslike en fisiese hulpbronne om ondersoeke te onderneem. Deelnemers het voorbeelde gegee, soos te min voertuie, geen toegang tot landlyntelefone nie, beperkte toegang tot e-posse, geen internetkonneksie nie, asook 'n gebrek aan kantoorruimte om onderhoude te voer.

Ons het 'n gebrek aan hulpbronne wat betref mannekrag, voertuie, selfone en skoot-rekenaars.

Ons het analiste en alles, noem maar op. Daar was baie motors vir die lede en daar was kundige konsultante. Ek dink dit was 'n baie, baie groot fout toe hulle van die konsultante ontslae geraak het.

Toe die TKT begin het, was daar 80 persone en nou het ons verminder tot minder as 30. Die aantal ondersoeke het vermeerder en die ondersoekkapasiteit het verminder.

### 8.2.3 Bevoegdheidsvlakke van TKT-ondersoekbeamptes

Die tussenregeringsforum Asia-Pacific Economic Cooperation (2014) beklemtoon dit dat lede van die teenkorrupsieagentskap oor spesifieke ondersoekvaardighede moet beskik om doeltreffend te wees. Verder is verfynde tegnieke nodig om die kompleksiteite van grootskaalse korrupsiegevalle te hanteer. Die gebruik van gespesialiseerde kundiges is verder ook noodsaaklik. Die ondersoek van grootskaalse korrupsiegevalle bestaan meestal uit verskeie fasette. Die ondersoekbeamptes moet oor die vermoëns beskik om intelligensie te ondersoek. Die integriteit van die ondersoekspan moet gewaarborg wees en moet bewaar word. Alle opleidingsbehoefte moet konsekwent wees in al die hoofdisiplines – finansiële intelligensie, insameling van bewyse en die opspoor/bevriesing van bates, asook met die vaardigheid om verslae te skryf. Die ondersoekspan moet op hoogte gehou word deur middel van inligtingsvergaderings om te verseker dat hulle bewus is van nuwe ontwikkeling en tipologieë. Dussich (2006) voeg verder by dat alle spanlede paslik vaardig en bekwaam moet wees ten opsigte van hul onderskeie ondersoekverantwoordelikhede.

Die deelnemers het oorweldigend dieselfde menings gehad, dat daar 'n ernstige tekort aan vaardige en ervare TKT-ondersoekbeamptes was. Deelnemers het hierdie tekort hoofsaaklik daaraan toegeskryf dat ervare ondersoekbeamptes nie behou word nie, en dit lei na 'n verlies aan kundigheid. Deelnemers het onthul dat ervare ondersoekbeamptes wat die TKT verlaat het, met onervare ondersoekbeamptes vervang is. Die deelnemers het aangedui dat daar 'n kritieke behoefte aan bykomende bevoegde lede is om meer doeltreffend te kan funksioneer. Die volgende reaksies som deelnemers se gevoelens op:

Ons het nie [eksterne] konsultante om die [TKT-] spanne aan te vul nie. Die konsultante was 'n poel van kundige individue uit hul onderskeie instellings wat die TKT aangevul het. Hulle het oor die nodige kennis beskik en dit is ondenkbaar dat van hierdie waardevolle bron ontslae geraak is. Hul bystand met al die ondersoeke het 'n positiewe uitwerking gehad.

Hulle ruil die ondersoekbeamptes om, en dit is waar kennisbestuur geleë is. Die een wat die geval oorneem, die nuwe ondersoeker, het nie die agtergrondkennis wat die ou ondersoeker gehad het nie. Dit het dus groot gapings vir die verdediging gelaat om te bestudeer. Dit maak nie sin nie.

Daar is 'n gebrek aan vaardighede. Om werklik eerlik te wees: Ek dink dat van die polisiebeamptes wat tans betrokke is, slegs 10% oor die nodige vaardighede beskik om witboordjiemisdaad te ondersoek. Lede van die SOE het soortgelyke tekorte. Hulle benodig die vereiste vaardighede.

'n Mens kan nie aan die einde van die ondersoek 'n nuwe aanklaer gebruik en verwag dat die nuwe aanklaer binne 'n bepaalde periode, byvoorbeeld van twee tot drie maande, op hoogte van 'n saak se feite moet wees nie, waar dit jou drie, vier, vyf jaar geneem het om die ondersoek te doen. Dit is feitlik onmoontlik. Sinnelose herverdeling of strategiese hertoewysing van werk is uiters betwyfelbaar en dit gebeur heeltemal te dikwels.

Hulle sal 'n aanklaer vir jou aanwys wat nie eens weet wat geldwassery is nie. Soms stem hulle nie eens saam oor wat korrupsie behels nie. Ons het toegewyde, ervare aanklaers nodig.

'n Betekenisvolle belemmering wat deur deelnemers genoem is, was die gebrek aan kennisbestuur om ondersoekvaardighede in stand te hou en uit te brei ten einde toepaslik bevoegde en bekwame ondersoekbeamptes te kweek en te ontwikkel:

Lede sonder die vereiste ervaring word aangestel. Daar was dus geen kontinuïteit van ervare ondersoekbeamptes nie. Geen behoorlike bestuur vir die TKT se middel- en laer bestuursvlakke om leiding te verskaf en behoorlike rigting gedurende ondersoeke te gee nie.

Daar is 'n gebrek aan toerekenbaarheid by party van die individuele ondersoekbeamptes. Hulle is oral teenwoordig, maar sonder 'n duidelike rigting.

Verskeie deelnemers het verwys na die substandaard bevoegdheidsvlakke van spesifieke multidissiplinêre lede, wat bykomstige ondersoekspanning veroorsaak het. Deelnemers het hul ervarings soos volg beskryf:

Ek dink nie die aanklaers wat aangestel is, beskik oor die nodige vaardighede om hierdie kriminele aan te kla nie. Dit kan wees dat hulle, weens politieke druk, nie gewillig is nie. Hierdie ondersoeke is uiters sensitief.

Al die ondersoekbeamptes is nie noodwendig op dieselfde bladsy wat hul ondersoek-agtergronde betref nie.

Polisiebeamptes sonder vaardighede is na hoër range bevorder en het na die TKT gekom sonder die nodige vaardighede. Van al die gevalle voor hande in die TKT, en tydens die jare wat ek betrokke was, dink ek dat as daar vyf vonnisse was, was dit baie.

#### *8.2.4 Die rol van TKT-bestuur*

Volgens Transparency International (2013) sal die suksesvolle implementering van 'n teenkorrupsieagentskap tot 'n groot mate afhang van 'n geloofwaardige en toegewyde leierskap. Verder verduidelik Heilbrunn (2004) dat dit belangrik is om gesentraliseerde leierskap in die kernareas van teenkorrupsieaktiwiteit te voorsien. Dit sluit beleidsontleding, tegniese bystand, monitering, ondersoek en vervolging in.

Die algemene mening van die deelnemers was dat die TKT-bestuur ondoeltreffend was, en hulle het dit gesien as 'n belangrike beperking van die span se doeltreffendheid. Deelnemers

het egter oor die algemeen saamgestem dat die vorige leierskap van die TKT bevoeg was en dat die ondersoekbeampes voldoende ondersteun is:

Ons skip is besig om te sink.

Daar is baie struikelblokke wat ons verhinder om meer doeltreffend te wees.

Die struikelblokke sluit die huidige bestuur in.

Met die nuwe bestuur het dinge begin verander, weet jy. Ons het gesien daar is 'n afname in die aantal arrestasies en 'n afname in die aantal vervolgings. Die vorige bestuur was betrokke by die dag-tot-dag werksaamhede. Die omkering was baie gou. Daar was vergaderings tussen ons prinsipale en ons belange is gehanteer. Dit moet weer geïmplementeer word.

Deelnemers was dit verder eens dat die TKT deur 'n enkele bevelstruktuur bestuur behoort te word. Dit het geblyk dat bestuursbesluite wat deur die verskillende bestuurders van die verskillende departemente geneem is, partydig was ten einde 'n individuele bestuurder se departement te bevoordeel, en nie noodwendig om die TKT te bevoordeel nie.

Die TKT sou drie tot vier senior aanvoeders hê wat die ondersoek lei, een uit elke dissipline en elkeen met hul eie doelwitte om te bereik. Ons het een verslagdoeningstruktuur nodig. In hierdie stadium gebeur dit nie en almal hardloop soos afkophoenders rond. Die TKT moet deur een persoon bestuur word en nie deur 'n groep bestuurders met hul eie teikens om te behaal wat op hulle departemente of organisasies van toepassing is nie.

Deelnemers het ook die aanstelling van onervare bestuurders as 'n struikelblok aangehaal:

Ek is van mening dat die bestuur as sulks nie genoeg ervaring het nie. Die bestuur verstaan in hierdie stadium self nie die gevalle nie en kan nie behoorlike leiding met ondersoek gee nie.

Mense is in posisies geplaas, jy weet, hoë posisies of leierskapposisies, terwyl hulle geen idee het wat van die TKT verwag word nie.

### ***8.3 Uitdagings vir onafhanklikheid en doeltreffende funksionering van die TKT***

#### ***8.3.1 Politieke inmenging en politieke wil***

Waziri-Azi (2017) beweer dat politieke wil nodig is vir teenkorrupsiestrategieë om doeltreffend te wees. Die betrokke regering moet voldoende begrotings aan teenkorrupsieagentskappe toewys om te verseker dat teenkorrupsiewette uitgevaardig word. Hulle moet ondersteuning verskaf vir die ondersoek van korrupsiegevalle, veral korrupsiegevalle met 'n hoë profiel.

Die deelnemers het die onafhanklike en selfstandige funksionering van die TKT bevraagteken. Die onderstaande verbatim reaksies illustreer die deelnemers se sentimente:



Inmenging by die TKT is die grootste faktor om te blameer vir die ondoeltreffendheid van die TKT.

Ondersoekbeamptes en aanklaers is sonder 'n duidelike rede verwyder.

Weens eksterne invloede was ons nie in staat om veel te bereik nie. Sekere kontrakte vir die konsultante het verlore geraak. Daar moes invloede behalwe die begroting gewees het. Dit was duidelik dat die korrupsie so ver versprei het dat baie van die mense in die tronk sou kon beland. Dit is dalk waarom daar inmenging by die TKT was.

Daar is inmenging by die meeste van ons gevalle.

Dit lyk asof daar ooreenstemming was dat ongevraagde politieke inmenging en 'n gebrek aan politieke wil, onder andere, as bydraende faktore tot die ondoeltreffendheid van die TKT beskou is. Dit het 'n direkte uitwerking gehad op die voorvereistes vir doeltreffendheid, byvoorbeeld die beskikbaarheid van hulpbronne en die vorderingspoed waarmee ingewikkelde gevalle gehanteer is:

Die fondse wat gebruik is om vir die konsultante te betaal, het opgedroog. Sedert daar 'n verandering in bestuur was, is geen nuwe hulpbronne aan die eenheid toegeken nie. Waarom is die vorige bestuur verwyder? Hierdie is sekerlik nie net alles toevallig nie. Ons moet die kolletjies verbind. Ons het as gevolg van al die politieke inmenging nie ons doelwitte bereik nie.

Ander deelnemers het die negatiewe effek van die gebrek aan politieke wil en die politieke inmenging by ondersoeke beklemtoon en voorbeelde gegee van die waargenome inmenging:

Politieke druk is gewoonlik die hoofrede vir die oponthoud met ondersoeke.

Ek sou sê dat politieke inmenging die grootste probleem gedurende dié tyd was.

Ons het nie politieke ondersteuning nie.

### *8.3.2 Behoeftes aan outonomie*

Hussmann en Hechler (2008) verduidelik dat die konsep van onafhanklikheid verstaan kan word in terme van organisatoriese, finansiële en funksionele onafhanklikheid. Die onafhanklikheid van die agentskap is 'n fundamentele vereiste vir sy doeltreffendheid. Dit verwys breedweg na die vermoë van die instellings om hul missie te verrig sonder die inmenging van magtige individue of die politieke elite (United Nations Development Programme 2005). Verder bepaal die Internasionale Instituut vir Demokrasie en Verkiesingsbystand (The International Institute for Democracy and Electoral Assistance 2014) dat vryheid van buitensporige belemmering fundamenteel is vir 'n teenkorrupsieagentskap om sy mandaat haalbaar en selfstandig uit te voer.

Die oorheersende waarneming van die deelnemers was dat die TKT nie selfstandig funksioneer nie en dat dit katastrofiese gevolge gehad het. Die volgende verbatim reaksies illustreer en staaf deelnemers se menings:

Om korrupsie te ondersoek, moet 'n organisasie totaal selfstandig wees.

---

Ek dink nie die TKT het voldoende onafhanklikheid om korrupsie te ondersoek nie.

Die bedoeling was daar. Later het dit egter geblyk net 'n rookskerm te wees.

Daar is nie voldoende onafhanklikheid om doeltreffend by die TKT te funksioneer nie. Om selfstandig met gekeurde amptenare saam te werk, kan steeds doeltreffend wees.

Die TKT moet onafhanklik wees. Almal wat uit ander regeringsdepartemente kom, moet aan die span gesekondeer word. Dit gebeur egter nie.

Deelnemers het versoek dat die span se onafhanklikheid beskerm moet word en hulle het bedenkinge uitgespreek oor die motivering agter die buitensporige inmenging by hul ondersoek:

Onafhanklikheid is noodsaaklik vir 'n eenheid soos die TKT.

Dit voel vir my asof ons geïnfiltreer is.

Politieke invloed vernietig ons ondersoek en laat toe dat korrupsie van krag tot krag gaan.

Dit is vir ons belangrik om onafhanklik te wees. Dan moet daar nie enige politieke invloed wees nie. Die TKT ondersoek meestal gevalle waar, jy weet, hoë-profiel mense betrokke is. Daar is wegbeweeg van kundigheid en dinge is verwyder, soos byvoorbeeld voertuie. Mense is oorgeplaas asof die eenheid nie bestaan nie, of asof die eenheid net ophou bestaan het. Dit was 'n duidelike aanduiding dat dit 'n opsetlike skuif was om seker te maak dat hulle nie doeltreffend funksioneer nie.

Die TKT was 'n wapen van massavernietiging in die stryd teen bedrog en korrupsie onder die hooggeplaaste amptenare, maar dit is nie meer die geval nie. 'n Mens behoort die vraag te vra waarom daar so baie veranderinge by die TKT gemaak is, en of dit spesifiek gedoen is omdat ons so doeltreffend was.

#### ***8.4 Voorstelle vir verbeterde doeltreffendheid gegrond op lesse wat geleer is***

##### *8.4.1 Strukture wat kundige multidissiplinêre spanlede akkommodeer*

Asia-Pacific Economic Cooperation (2014) beklemtoon dat verfynde tegnieke noodsaaklik is om die kompleksiteit van grootskaalse korrupsiegevalle te hanteer, asook die benutting van gespesialiseerde kundiges om hierdie gevalle doeltreffend te ondersoek. Die insluiting van kundiges by komplekse ondersoek word voorgestel deur die Organisasie vir Ekonomiese Samewerking en Ontwikkeling (Organisation for Economic Co-operation and Development 2011) en die Australian Capital Territories Chief Minister's Department (ACT 2004).

Die deelnemers was van mening dat daar 'n afwyking was van die aanvanklike multidissiplinêre benadering en dat hierdie benadering weer gevolg moet word, want dit kan vinnige resultate oplewer. Die multidissiplinêre struktuur laat individuele spanlede toe om hul kundigheid te benut en op spesifieke rolle in die span te fokus. Hierdie benadering is een van die meer suksesvolles omdat dit duplisering beperk en lede toelaat om hul kundigheid aan te wend.

Die onderstaande verbatim reaksies illustreer deelnemers se sentimente:

Ek het met heelwat baie ervare polisiebeamptes saamgewerk, maar daar is ook 'n aantal polisiebeamptes wat onervare is. Hulle verstaan nie die belangrikheid van samewerking tussen die openbare sektor, forensiese-rekeningkunde-firmas, die TKT en die verskillende spanlede nie. Ek dink dit skort tans. As dit hanteer kan word ten einde personeel op te lei om die werksverhouding en mekaar se rolle en verantwoordelikhede in hierdie multidissiplinêre benadering te kan verstaan. Kundigheid is nodig, mense wat die omgewing ken en verstaan.

Dit is ook die benadering waarby ek tans betrokke is by die Verenigde Nasies se Kantoor vir Dwelms en Misdaad. Ek het ook toegang tot ander lande en ondersoek soortgelyk aan die TKT. Lande soos Namibië en Botswana. Al hierdie lande se mikipunte is multidissiplinêre ondersoeke, want dit is die beste manier om dit te doen.

In opvolging van hierdie voorstelle het deelnemers 'n sterk boodskap oorgedra vir die behoefte om die spanne met eksterne kundiges aan te vul. Een deelnemer het ander deelnemers se sentimente soos volg opgesom: “Die TKT behoort mense te hê soos rekenmeesters en forensies rekenmeesters. Mense wat saam met hulle sit om hulle met die ondersoekte te help – spesialiste soos hierdie. Ook mense wat data kan analiseer en selfs forensiese IT-deskundiges.”

Deelnemers was dit eens dat die sekondering van kundige ondersoekbeamptes na die TKT aangemoedig en vereenvoudig moet word om die span se kundigheid en ondersoekkapasiteit te onderskraag:

Indien jy wil hê dat 'n multidissiplinêre agentskap benut moet word en dit moet werk, moet daar 'n struktuur wees om op terug te val. Hulle moet nie nuwe wette skryf nie, maar hulle moet bygestaan word met 'n spesifieke doelwit en 'n spesifieke opdrag. By die TKT kan jy nie onafhanklik van die ander spanlede werk nie.

Die TKT is 'n gepaste multidissiplinêre agentskap en benadering. Wanneer so 'n eenheid vir 'n spesifieke opdrag gevorm word, om spesifieke gevalle te ondersoek, moet hierdie lede uit hul verskeie departemente gesekondeer word.

'n Enkelverslagdoeningstruktuur was nog 'n siening wat die deelnemers gedeel het. Een deelnemer het soos volg reageer: “Die tekortkoming is dat ons êrens by mekaar verbypraat. Hulle [die TKT-lede] lewer verslag aan verskillende base.”

Verder het deelnemers die spanbestuur as afsydig ervaar en die nypende gebrek aan 'n bestuurstruktuur vermeld om die span doeltreffend te kon lei en om advies oor ondersoekte te kon verskaf.

Ons het 'n projekbestuurder nodig wat die ondersoek kan bestuur. Ons het werklik beter bestuur nodig na wie ons vir advies kan gaan. Ek kan nie sien dat daar iemand is wat ons kan help wanneer dit nodig word om te konsulteer of 'n saak met hulle te bespreek nie.

#### 8.4.2 Werwing en die toets van spanlede se integriteit

Volgens die Verenigde Nasies se Ontwikkelingsprogram (United Nations Development Programme 2005) is een van die belangrikste argumente wat die skep van gespesialiseerde liggame ondersteun dat die groeiende kompleksiteit van korrupsiegevalle en verwante finansiële transaksies 'n hoë vlak van kundigheid en gespesialiseerde kennis vereis. Dit kan die beste bereik word deur die werwing, opleiding en sentralisering van kundigheid in 'n enkelprobleemagentskap. Velez (2006) waarsku egter dat teenkorrupsieagentskaplede net menslik is en vatbaar vir versoeking is. Om hierdie rede stel die regering van die Verenigde Koninkryk voor dat professionele integriteitstoetsing, wat fundamenteel vir 'n teenkorrupsieagentskap is, ingesluit moet word om te voorkom dat lede by korrupte praktyke betrokke raak (Government of the United Kingdom 2017).

Die meeste van die deelnemers was nie absoluut oortuig van mekaar se integriteit nie. Daar was skynbaar 'n mate van bekommernis oor onderlinge vertroue. Dit het duidelik geword dat die instelling van verpligte integriteitstoetsing ongetwyfeld hierdie bekommernisse sou verminder. Die feit dat die deelnemers hoogs geheime inligting van hooggeplaaste individue in die regering en die private sektor gehanteer het, behoort genoeg rede te wees om die proses van integriteitstoetsing by die TKT te bespoedig. Die deelnemers het die persepsie gedeel dat integriteitstoetsing vertroue onder lede inskerp.

Die volgende verbatim reaksies van deelnemers verteenwoordig die belangrikste menings wat geopper is:

Integriteitstoetsing is baie belangrik vir elke lid wat deel van die TKT is.

Ons mag poligraaftoetse vir werwingsdoeleindes gebruik. Waarom doen ons dit nie? Ons is regeringsinstellings, elkeen met sy eie mandaat. Daar sal 'n element van wantroue wees. Ons weet nie wat die integriteit van die ander persoon is nie. Integriteitstoetsing is sekerlik raadsaam.

Dit is noodsaaklik om 'n klaring vir streng geheimhouding te hê. Om betroubare mense te hê wat hier werk.

Daar moet 'n behoorlike werwingsproses wees. Die proses van integriteitstoetsing moet onmiddellik begin as die persoon aansoek doen. Ek is sedert 2011 hier betrokke en ek is nie geëvalueer nie. Ek het voorheen 'n klaring vir streng geheimhouding gehad, maar dit het verval. Ek sal maandelikse integriteitstoetsing voorstel. Hulle moet ons kom toets wanneer hulle dink dit is nodig. As 'n dossier vermis raak, moet ons onmiddellik getoets word.

Ek, om maar een te noem, is nooit geëvalueer sedert ek by die TKT aangesluit het nie.

## 9. Opsomming

Die multidissiplinêre benadering wat gevolg word om korrupsie in die staatsdiens te ondersoek, is internasionaal die mees doeltreffende benadering wat deur bekwame teenkorrupsieagentskappe

gevolg word. Die beste praktyke van 'n multidissiplinêre benadering is by die TKT geïmplementeer toe dit gestig is. Met die verloop van tyd is hierdie benadering egter minder gebruik en geïmplementeer. Dit het veroorsaak dat die TKT se onafhanklikheidsvlak, beheerstruktuur, begroting, asook menslike en fisiese hulpbronne onvoldoende geraak het om die groot aantal korrupsieondersoeke te hanteer wat aan hulle toegeken is. Die mandate, doelstellings, doelwitte, strukture, onafhanklikheid en keuringskriteria vir die korrupsie-ondersoeke wat aan die TKT's toeken word, moet in ooreenstemming wees met die toekenning van hulpbronne, logistieke ondersteuning en begroting.

Die vaartbelyning van die TKT om sy doeltreffendheid te verbeter en die bespoediging van vervolgings is van die uiterste belang. Die meeste rolspelers by die TKT het 'n suiwer ondersoekmandaat. Dit is derhalwe belangrik om die doeltreffende koördinasie van ingesamelde inligting te verseker, asook die deel van intelligensie onder die spanlede. Gekoördineerde besluite op grond waarvan 'n rolspeler met 'n spesifieke aspek van die ondersoek moet begin, moet vooruit geneem word. Om 'n doeltreffende kentering teen korrupsie te bewerkstellig, behels 'n benadering op verskillende vlakke waar spesifieke kennis en vaardighede uit verskillende velde gebruik word. Voldoende hulpbronne moet aan die TKT toegeken word om hulle te bemagtig om bewerings van korrupte praktyke te ondersoek. By die TKT behoort slegs personeel wat beskik oor die nodige ervaring, vaardigheid, kennis en begaafdheid om korrupsie, wat uit baie fasette bestaan, in die openbare sektor te ondersoek, aangestel te word. Die span moet uitgebreid uit verskeie dissiplines saamgestel word. Hulle moet buite die gewone en bekende grense herbesin oor teenkorrupsieoptredes ten einde op 'n ander manier oplossings te bereik. Dit sal behels om aan ondersoekbeamptes tydens hul ondersoekproses onmiddellike toegang tot verskillende databasisse en intelligensiebronne te gee.

Dit is nodig dat teenkorrupsiestrukture op beide die ondersoek- en vervolgingsvlak meer doeltreffend gemaak word. Dienooreenkomstig moet die TKT se onafhanklikheid baie dringend hersien en beveilig word. Spanlede moet gereeld aan integriteitstoetsing onderwerp word. Hierdie proses moet deursigtig wees en eenvormig op lede toegepas word. Diegene wat nie die toepaslike sekuriteitsklaring deur integriteitstoetsing verkry nie, moet verwyder word. Die TKT moet 'n doeltreffende retensiebeleid in plek hê om te verseker dat kundigheid nie verlore gaan nie en dat die taakspan se vaardigheidsvlak nie uitgeput raak tot by die punt waar hulle nie langer in staat is om doeltreffend op te tree nie.

Suksesvolle teenkorrupsieagentskappe moet vinnige toegang tot inligting hê wat deur 'n wye verskeidenheid nasionale gesaghebbendes gehou word, byvoorbeeld doeane, belastingafdelings, die polisie en howe. Daar moet dus doeltreffende koördineringsmeganismes bestaan. Departemente wat in kompartemente funksioneer, is nadelig vir die stryd teen korrupsie in die staatsdiens. Korrupsie vereis gespesialiseerde reaksie ten einde 'n suksesvolle ondersoekproses te verseker. Dienooreenkomstig word aanbeveel dat 'n gespesialiseerde teenkorrupsiehof tot stand gebring word. Die sukses van enige teenkorrupsieagentskap hang hoofsaaklik af van die politieke wil om korrupsie te hanteer, asook van die onafhanklikheid van die proses. Dit is daarom noodsaaklik om politieke ondersteuning vir die doeltreffendheid van 'n teenkorrupsieagentskap te hê. Vir toesig oor 'n teenkorrupsieagentskap is dit ook noodsaaklik dat aan die betrokke NRO's, opposisiepartye en regering 'n gelyke rol toegeken word om te verseker dat gevalle op meriete hanteer word en nie aan politieke agendas onderworpe is nie.

Ter afsluiting kan dit gesê word dat die multidissiplinêre benadering wat deur die TKT gevolg word om korrupsie in die Suid-Afrikaanse staatsdiens te ondersoek, nie doeltreffend is nie.

---

Lede van die TKT ervaar verskeie inhiberende interne en eksterne faktore wat die multidissiplinêre benadering ondermyn en dit vrugteloos maak, soos die eliminerings van die span se onafhanklikheid, ongegronde politieke inmenging, onervare bestuurders, 'n gebrek aan samewerking en koördinerings tussen departemente wat die span verteenwoordig, onvoldoende menslike en fisiese hulpbronne, asook minderwaardige ondersoekende kapasiteitsvlakke. Hierdie studie beveel derhalwe die vestiging van 'n enkele teenkorrupsieagentskap aan wat organisatories, finansieel, funksioneel en polities onafhanklik is.

## Bibliografie

ACT (Australian Capital Territories Chief Minister's Department). 2004. Standards for the conduct of inquiries and investigations for ACT Agencies. [http://www.cmd.act.gov.au/\\_data/assets/pdf\\_file/0009/116757/conductequiries.pdf](http://www.cmd.act.gov.au/_data/assets/pdf_file/0009/116757/conductequiries.pdf).

African News Agency. 2015. Answers sought on R4bn Eskom-Gupta deal. <https://www.iol.co.za/business-report/economy/answers-sought-on-r4bn-eskom-gupta-deal-1915232> (30 Mei 2020 geraadpleeg).

Asia-Pacific Economic Cooperation. 2014. Handbook (first part). Best practices in investigating and prosecuting corruption using financial flow tracking techniques and financial intelligence. 18th Anti-Corruption and Transparency Experts' Working Group Meeting, Ningbo, China, 20 Februarie 2014. [http://mddb.apec.org/Documents/2014/ACT/ACT1/14\\_act1\\_012.pdf](http://mddb.apec.org/Documents/2014/ACT/ACT1/14_act1_012.pdf).

Atkinson, D. 2007. *Taking to the streets: Has developmental local government failed in South Africa? State of the nation: South Africa*. Kaapstad: HSRC Press.

Bolongoita, E. 2005. Controlling corruption in post-conflict countries. <https://www.u4.no/publications/lessons-learned-in-fighting-corruption-in-post-conflict-countries.pdf>.

Boucher, A.J., W.J. Durch, M. Midyette, S. Rose en J. Terry. 2007. *Mapping and fighting corruption in war-torn states*. Washington, D.C.: Henry L. Stimson Center.

Braun, V. en V. Clarke. 2013. *Successful qualitative research: A practical guide for beginners*. Thousand Oaks, CA: SAGE.

Bruce, D. 2014. Control, discipline and punish? Addressing corruption in South Africa. *South African Crime Quarterly*, 48:49–62.

Buhlungu, S., J. Daniel en R. Southall. 2007. *State of the nation*. Kaapstad: HSRC Press.

Chêne, M. 2012. Lessons learned in fighting corruption in post-conflict countries. *U4 Expert Answer*, Desember, no. 355. Bergen: U4 Anti-Corruption Resource Center, Transparency International, CHR. Michelson Institute. <https://www.u4.no/publications/lessons-learned-in-fighting-corruption-in-post-conflict-countries.pdf>.



- . 2014. The impact of corruption on growth and inequality. <https://knowledgehub.transparency.org/helpdesk/the-impact-of-corruption-on-growth-and-inequality> (10 November 2014 geraadpleeg).
- Creswell, J.W. 2013. *Research design: Qualitative, quantitative, and mixed methods approaches*. 4de uitgawe. Thousand Oaks, CA: SAGE.
- Cronjé, J. 2020. Court declares major Gupta-era coal contract with Eskom invalid. Fin24, 21 February. <https://m.fin24.com/Economy/court-declares-major-gupta-era-coal-contract-with-eskom-invalid-20200221> (30 Mei 2020 geraadpleeg).
- Definitions.net. s.j. Multidisciplinary approach. <https://www.definitions.net/definition/multidisciplinary+approach> (31 Mei 2020 geraadpleeg).
- Departement van Openbare Diens en Administrasie. 2015. Jaarverslag 2014/15. [http://www.dpsa.gov.za/dpsa2g/documents/annualreports/DPSA%20Annual%20Report%2014\\_2015.pdf](http://www.dpsa.gov.za/dpsa2g/documents/annualreports/DPSA%20Annual%20Report%2014_2015.pdf).
- De Speville, B. 2008. Failing anti-corruption agencies – causes and cures. Referaat aangebied by die ISCTE-konferensie, Lissabon, 14–16 Mei 2008.
- Doig, A., D. Watt en R. Williams. 2006. Hands-on or hands-off? Anti-corruption agencies in action, donor expectations, and a good enough reality. *Public Administration and Development*, 26(2):163–72.
- Dussich, J.P.J. 2006. Victimology – past, present and future. 131st International Senior Seminar. Visiting Experts' Papers. UNAFEI, Fuchu, Tokio, Japan. [https://www.peacepalacelibrary.nl/ebooks/files/UNAFEI\\_no70.pdf](https://www.peacepalacelibrary.nl/ebooks/files/UNAFEI_no70.pdf).
- Government of the United Kingdom. 2017. United Kingdom Anti-Corruption Strategy 2017 to 2022. <https://www.gov.uk/government/publications/uk-anti-corruption-strategy-2017-to-2022> (20 September 2018 geraadpleeg).
- Grieve, J., J. Crego en B. Griffiths. 2007. Critical incidents: Investigation, management and training. In Newburn, Williamson en Wright (reds.) 2007.
- Heilbrunn, R. 2004. *Anti-corruption commissions: Panacea or real medicine to fight corruption?*. Washington, D.C.: The World Bank.
- Hussmann, K. en H. Hechler. 2008. Anti-corruption policy making in practice: Implications for implementing UNCAC. *U4 Brief*, Januarie, No. 1. Bergen: U4 Anti-Corruption Resource Center, CHR. Michelson Institute. <https://www.u4.no/publications/anti-corruption-policy-making-in-practice-implications-for-implementing-uncac.pdf>.
- Independent Commission against Corruption. 2019. Why exposing and preventing corruption is important. <https://www.icac.nsw.gov.au/about-corruption/why-expose-corruption> (26 Januarie 2017 geraadpleeg).

John, T. en M. Maguire. 2007. Criminal intelligence and the National Intelligence Model. In Newburn, Williamson en Wright (reds.) 2007.

Johnston, L. 2007. Private investigation. In Newburn, Williamson en Wright (reds.) 2007.

Kingdom of Thailand. 2007. Constitution of the Kingdom of Thailand. [http://web.krisdika.go.th/data/outsitedata/outside21/file/Constitution\\_of\\_the\\_Kingdom\\_of\\_Thailand.pdf](http://web.krisdika.go.th/data/outsitedata/outside21/file/Constitution_of_the_Kingdom_of_Thailand.pdf).

Leedy, P.D. en J.E. Ormrod. 2001. *Practical research: Planning and design*. 7de uitgawe. Upper Saddle River, N.J.: Merrill Prentice Hall.

Lewis, M. en P. Stenning. 2014. Considering the Glenister judgment: Independence requirements for anti-corruption institutions. *South African Crime Quarterly*, 39:11–21.

Mantshantsha, S. 2018. Covering up the heist at Eskom. BusinessLive, 22 November. <https://www.businesslive.co.za/fm/opinion/between-the-chains/2018-11-22-sikonathi-mantshantsha-covering-up-the-heist-at-eskom> (18 September 2017 geraadpleeg).

Msimang, M. 2015. An unhappy state of corruption. <https://www.corruptionwatch.org.za/an-unhappy-state-of-corruption> (14 Augustus 2015 geraadpleeg).

Mungiu-Pippidi, A. 2015. *The quest for good governance: How societies develop control of corruption*. Cambridge: Cambridge University Press.

Myburgh, P.-L. 2020. Gravy trains: R500m from failed PRASA locomotives deal “fraudulently” funnelled to trust, private accounts and properties. *Daily Maverick*, 3 March. <https://www.dailymaverick.co.za/article/2020-03-03-gravy-trains-r500m-from-failed-prasa-locomotives-deal-fraudulently-funnelled-to-trust-private-accounts-and-properties> (30 Mei 2020 geraadpleeg).

Nasionale Beplanningskommissie. 2012. Nasionale Ontwikkelingsplan 2030: Our future – make it work. Pretoria: Die Presidensie.

Newburn, T., T. Williamson en A. Wright (reds.). 2007. *Handbook of criminal investigation*. Cullompton, Devon: Willan.

Nicolaides, G. 2018. Eskom – Gupta dealings blamed for coal shortage at 6 power stations. *Eyewitness News*, 17 April. <https://ewn.co.za/2018/04/17/eskom-gupta-dealings-blamed-for-coal-shortage-at-6-power-stations> (10 Oktober 2018 geraadpleeg).

Nino, E. 2010. Access to information in corruption investigations: A case study from Argentina. Referaat gelewer by die 14de Internasionale Anti-Korrupsie Konferensie, Bangkok, Thailand, 10–13 November 2010.

Olaniyan, K. 2014. *Corruption and human rights law in Africa*. Oxford: Bloomsbury.

Organisation for Economic Co-Operation and Development. 2011. Investigation and prosecution of corruption: Financial investigations and links with money laundering.

Expert Seminar, Kyiv, Oekraïne, 28–30 Junie 2011. <https://www.oecd.org/corruption/acn/48916988.pdf>.

Parliamentary Monitoring Group. 2014. Anti-Corruption Task Team on progress made with regards to disciplinary cases being investigated in Limpopo Province. <https://pmg.org.za/committee-meeting/17406> (11 Augustus 2015 geraadpleeg).

Presidency. 2015. The Anti-Corruption Task Team is fully operational. <http://www.thepresidency.gov.za/content/anti-corruption-task-team-fully-operational> (30 Mei 2015 geraadpleeg).

Quah, J.S.T. 2011. Curbing corruption in Asian countries: An impossible dream? *Research in Public Policy Analysis and Management*, 20.

Radebe, J. 2013. Why we're naming and shaming those convicted of fraud and corruption. Media statement on progress made by the Justice, Crime Prevention and Security Cluster in the fight against corruption. 9 Junie uitgereik deur die Department van Justisie en Konstitusionele Ontwikkeling. <http://www.politicsweb.co.za/news-and-analysis/why-were-naming-and-shaming-those-convicted-of-fra> (15 Augustus 2018 geraadpleeg).

Republiek van Suid-Afrika. 1995. Wet op die Suid-Afrikaanse Polisie diens 68 van 1995. Pretoria: Staatsdrukker.

—. 2008. Wysigingswet op die Suid-Afrikaanse Polisie diens 57 van 2008. Pretoria: Staatsdrukker.

—. 2014. Mediumtermyn Strategiese Raamwerk 2014–2019. Pretoria: Staatsdrukker.

—. 2016. National anti-corruption strategy discussion document. [https://www.gov.za/sites/default/files/gcis\\_document/201705/nacs-discussion-document-finala.pdf](https://www.gov.za/sites/default/files/gcis_document/201705/nacs-discussion-document-finala.pdf).

Schultz, J. 2007. United Nations Convention against Corruption. A primer for development practitioners. Bergen: U4 Anti-Corruption Resource Center, Chr. Michelson Institute <https://www.u4.no/publications/the-united-nations-convention-against-corruption-a-primer-for-development-practitioners> (10 Junie 2020 geraadpleeg).

Smit, C.J. 2019. An assessment of the multi-disciplinary approach to investigate corruption in the South African public service. Doktorale tesis, Universiteit van Suid-Afrika, Pretoria.

South African Press Association. 2013. Government to name and shame corrupt officials. *Mail & Guardian*, 24 Februarie. <https://mg.co.za/article/2013-02-24-government-to-name-and-shame-corrupt-officials> (8 November 2015 geraadpleeg).

Tang, H.H. en E. Hsiao. 2013. The advantages and disadvantages of multidisciplinary collaboration in design education. <https://static1.squarespace.com/static/508a48fce4b08eae9f2b25a/t/5271bb68e4b00e4e26e7998b/1383185256654/IASDR2013+TANG+3.pdf>.

Taylor, S. 2015. *Crime and criminality: A multidisciplinary approach*. New York, NY: Routledge.

The International Institute for Democracy and Electoral Assistance (International IDEA). 2014. Combating corruption: Constitutional frameworks for the Middle East and North Africa. [http://www.constitutionnet.org/files/anti-corruption\\_report.pdf](http://www.constitutionnet.org/files/anti-corruption_report.pdf).

TKT (Teenkorruptsietaakspan). 2016. Presentation on programme 5 to SCOPA. <https://static.pmg.org.za/160914ACTT.pdf>.

Transparency International. 2013. Fighting corruption: Now is the time for action. <https://www.transparency.org/en/news/cpi-2013-now-is-the-time-for-action> (20 Oktober 2020 geraadpleeg).

—. 2017. Corruption Perception Index 2017. [https://www.transparency.org/news/feature/corruption\\_perceptions\\_index\\_2017#table.html](https://www.transparency.org/news/feature/corruption_perceptions_index_2017#table.html) (14 Augustus 2018 geraadpleeg).

—. 2019. Corruption Perception Index 2019. <https://www.transparency.org/en/cpi> (29 Mei 2020 geraadpleeg).

United Nations Development Programme. 2005. Institutional arrangements to combat corruption: A comparative study. [https://www.right2info.org/resources/publications/asset-declarations/undp\\_institutional-arrangements-to-combat-corruption\\_2006](https://www.right2info.org/resources/publications/asset-declarations/undp_institutional-arrangements-to-combat-corruption_2006) (25 Januarie 2017 geraadpleeg).

—. 2014. Center for Constitutional Transitions, and the International IDEA. Combating corruption: Constitutional frameworks for the Middle East and North Africa. [http://constitutionnet.org/sites/default/files/anti-corruption\\_report.pdf](http://constitutionnet.org/sites/default/files/anti-corruption_report.pdf).

United Nations Office on Drugs and Crime. s.j. International Anti-Corruption Day 9 Dec around Southeast Asia and the Pacific. <http://www.un.org/en/events/anticorruptionday> (15 Augustus 2015 geraadpleeg).

Universiteit van Suid-Afrika. 2016. Beleid oor Navorsingsetiek. Pretoria: Universiteit van Suid-Afrika.

Velez, M. 2006. Leading to scandal: A case study. Doktorale tesis, University of Southern California, Los Angeles.

Wa Afrika, M., S. Hofstatter en P. Rampedi. 2015. Off the rails: Thuli's shock PRASA report. *Sunday Times*, 9 Augustus 2015. <https://www.pressreader.com/south-africa/sunday-times/20150809/281479275137671> (10 Mei 2016 geraadpleeg).

Waziri-Azi, F. 2017. An evaluation of the Nigerian National Anti-Corruption Strategy. *European Journal of Research in Social Sciences*, 5(5):1–9.

## Eindnota

<sup>1</sup> Aanhalings uit bronne asook verbatim reaksies van deelnemers is vertaal deur die taalsentrum van die universiteit waarby die sekondêre skrywer geaffilieerd is.